19. DIE HONOURED DEAD MEMORIAL ASOOK DIE LONG CECIL-KANON, GELEË IN DIE SACRED CIRCLE TE KIMBERLEY

*Beskrywing:*

Die Honoured Dead Memorial, asook die Long Cecil-kanon, tesame met een meter grond daaromheen, geleë op 'n gedeelte van die restant van Gedeelte 240 van die plaas Bultfontein (nou bekend as die Restant van Erf 1, Kimberley), geleë in die stad Kimberley, afdeling Kimberley.

Sertifikaat van Gekonsolideerde Titel 212/1959, gedateer 28 April 1959.

F. W. DE KLERK,
Minister van Nasionale Opvoeding.

---

**No. 393** **7 Maart 1986**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN EIENDOMME TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Frederik Willem de Klerk, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendomme in die Bylae hiervan volledig beskryf, tot nasionale gedenkwaardighede.

**BYLAE**

1. C.N.O.-SKOOL, REDDERSBURG

*Beskrywing:*

Die eiendom, tesame met die woonhuis (voorheen bekend as die C.N.O.-skool) daarop synde sekere Erf 215, geleë in die dorp en distrik Reddersburg, groot 892 (agthonderd twee-en-negentig) vierkante meter.

Transportakte T7386/1984, gedateer 25 Julie 1984.

2. DIE MIRACLE-KANON, GEBERG UIT DIE WRAK VAN DIE *SACRAMENTO*, KAAP RECIFE

*Beskrywing:*

Die bronskanon, nou bekend as die Miracle-kanon, geberg uit die wrak van die Portugese galjoen *Sacramento* naby Kaap Recife en soos volg beskryf:

'n Bronslandkanon deur Manuel Bocarro vervaardig in Macao, China, met twee dolfynvormige handvatsels en twee tappe vir die montering van die kanon. Die agterkant van die kanon is versier en het 'n knop, wat die Portugese geluksteken uitbeeld, naamlik 'n gebalde vuis met die duim wat tussen die voor-en middelvinger deursteek. Die kanon, wat 360 cm lank is, is in reliëf versier met die wapen van die stad Macao en die helmteken van die Teles de Menezes-familie en het ook die legende ANT$^{o}$ TELES DE MENEZES GOV$^{or}$ DA INDIA A MANDOU FAZER NO ANNO DE 1640 POR M$^{el}$ TAVARES BOCARRO daarop.

Die kanon is gehuisves in die King George VI-kunsgalery te Parkrylaan 1, Port Elizabeth.

19. THE HONOURED DEAD MEMORIAL, AS WELL AS THE LONG CECIL CANNON, SITUATED IN THE SACRED CIRCLE IN KIMBERLEY

*Description:*

The Honoured Dead Memorial, as well as the Long Cecil cannon, together with one metre of surrounding land, situate on a portion of the remainder of Portion 240 of the farm Bultfontein (now known as the Remainder of Erf 1, Kimberley), situate in the City of Kimberley, Division of Kimberley.

Certificate of Consolidated Title 212/1959, dated 28 April 1959.

F. W. DE KLERK,
Minister of National Education.

---

**No. 393** **7 March 1986**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF PROPERTIES AS NATIONAL MONUMENTS

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Frederik Willem de Klerk, Minister of National Education, hereby declare the properties as fully described in the Annexure hereto to be national monuments.

**ANNEXURE**

1. C.N.O.-SCHOOL, REDDERSBURG

*Description:*

The property, together with the dwelling-house (formerly known as the C.N.O. School) thereon, being certain Erf 215, situated in the Town and District of Reddersburg, in extent 892 (eight hundred and ninety-two) square metres.

Deed of Transfer T7386/1984, dated 25 July 1984.

2. THE MIRACLE CANNON, SALVAGED FROM THE WRECK OF THE *SACRAMENTO*, CAPE RECIFE

*Description:*

The bronze cannon, now known as the Miracle cannon, salvaged from the wreck of the Portuguese galleon *Sacramento* near Cape Recife and described as follows:

A bronze land cannon manufactured by Manuel Bocarro in Macao, China, with two dolphin-shaped lifting handles and two trunnions for mounting the cannon. The rear end of the cannon is decorated and has a cascabel depicting the Portuguese talisman which is a clenched fist with the thumb protruding between the fore and middle fingers. The cannon, which is 360 cm long, is decorated in relief with the coat of arms of the City of Macao and the crest of the Teles de Menezes family and bears the legend: ANT$^{o}$ TELES DE MENEZES GOV$^{or}$ DA INDIA A MANDOU FAZER NO ANNO DE 1640 POR M$^{el}$ TAVARES BOCARRO.

The cannon is housed in the King George VI Art Gallery at 1 Park Drive, Port Elizabeth.